**Reeks:** Mites wat ons Miserabel Maak
**Titel:** 'Wat jy Insit kry jy Uit'
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 5 Junie 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"Want die Koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur, en nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag stuur hy hulle in sy wingerd, en omtrent die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig op die mark staan. Hy sê vir hulle: gaan julle ook in die wingerd en wat reg is sal ek aan julle gee, en hulle het gegaan.
Weer het hy omtrent die sesde en die negende uur uitgegaan en net dieselfde gedoen, en die elfde uur, en toe dit aand geword het sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: roep die arbeiders en betaal hulle hul loon, en begin van die laastes af tot by die eerstes, en die wat omtrent die elfde uur begin het het gekom, en elkeen 'n penning ontvang.
Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen 'n penning ontvang, en toe hulle dit ontvang murmureer hulle by die huisheer en sê: hierdie laastes het een uur gewerk en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het, maar hy antwoord en sê vir een van hulle: vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie? Neem dan wat joune is en gaan heen.
Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou, of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie, of is jou oog verkeerd omdat ek goed is? So sal die wat laaste is eerste wees, en die wat eerste is, laaste, want baie is geroep, maar min uitverkies."
***Mat 20:1-16 (AOV)***

Ons vorm almal idees van hoe die lewe werk. Dit word gevorm deur alles wat ons ervaar, traumatiese pyn ervarings, ekstatiese plesier wat ons kry in die lewe, leerervarings. Deur die kultuur waarin ons grootword is daar idees wat vir ons waarhede word, waarmee ons die realiteit waarin ons beweeg interpreteer.
Hierdie idees is ongelukkig nie altyd reg nie, dis nie altyd waar nie. Dit is 'n valse geloof wat ons dikwels mee sit en leef, dat in hierdie situasie, soos wat ek dit interpreteer, is dit wat aan die gang is, en as ek dit doen dan gaan dit so uitwerk. Dit is hoe ons die woord mites wil gebruik, verkeerde gelowe, bygelowe waarmee ons sit. Hierdie gelowe is soos kaarte vir ons om ons deur die lewe te neem.
Nou, ek onthou ek was eenkeer in Kaapstad saam met 'n persoon, ek gaan nie haar naam noem nie om nie haar in 'n slegte lig te stel nie, en terwyl ons ry is sy die navigator, en sy sê, volgende een links: Von Willich. Ek draai links, ek sê dit is nie Von Willich nie. Sy sê weer links. Ek sê ek kan nie, dan ry ons in die see in, toe sit sy met Durban se kaart in Kaapstad.
Jy weet, party van hierdie idees wat ons het en kaarte waarmee ons leef kan ons oor 'n afgrond vat. Dis nie net onskuldige gelowe; dit kan regtig jou lewe diep ontwrig as jy met 'n verkeerde belief deur die lewe gaan, en tipiese voorbeelde van verkeerde beliefs is die veralgemenings waarmee ons dikwels sit, jy weet, soos Gautengers.
Ek praat verlede week met iemand wat van die Kaap af kom en oorweeg om hiernatoe te trek. Hulle is diep besorgd oor die Gautengers, jy weet, want Gautengers is vreeslik behep met hulleself en hulle reik nie uit na ander mense nie, en hulle het so 'n diep vriendekring daarso, en hulle is so besorgd oor die Gautengers se oningesteldheid teenoor... wat nie in 'n community kan leef nie, wat nie kan connect met ander mense nie.
Jy weet, toe sy dit van my sê, want ek voel nou praat sy van my, toe is dit iets wat wil in my opstaan en sê, ja, maar ons slaap nie tot tienuur nie, en ons connect diep, sinvol; ons chat, chat, chat nie die heeltyd nie, maar toe... maar dan doen ek dieselfde as wat sy doen, jy weet, veralgemeen. Mans is... vrouens is... die ANC is... die D... jy weet, dit is... dit het groot...
Daardie kaarte is baie gevaarlike kaarte, nê, want gewoonlik is hulle gevorm deur een of twee ervaringe wat jy gehad het van, en nou is dit so, maar dit is nie so nie, en as jy jou besluite gaan neem op daardie geloof wat jy het kan dit jou verskriklik duur te staan kom. Nou, hier is die ander groot ding van die kaarte waarmee ons leef: ons is dikwels onbewus van hierdie kaarte, onbewus. Ons almal het kaarte, en ons kaarte is dikwels... moet geupdate word. Ons kaarte is uitgedien.
Ek weet nie, ek het nou hierdie fantastiese navigasie ding in my kar nou, jy weet, GPS. Dit help nie in Suid-Afrika nie. Die goed verander so vinnig. Waar is... nou, wat se... Mombela... wat se ding is dit nou hierdie, jy weet, en die kaart... kan ek 'n nuwe... kan ek 'n up... nee, nog nie 'n update... die goed verander so vinnig ons kan nie update nie. Dis is die wêreld waarin ons leef. Dit verander die heeltyd en dit verander vinnig.
Dis uiters gevaarlik om nie bewus te raak van die kaarte waarmee jy leef nie. Kyk, dis natuurlik wat van jou 'n fundamentalis maak, nê, want die definisie van 'n fundamentalis is iemand wat nie weet dat hy ook 'n kaart het nie, en dat sy kaart ook maar net sy kaart is, en dat sy kaart ook uitgedien kan wees nie.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Baie ouens dink ek het <u>die</u> kaart, nê, ek het <u>die</u> waarheid. Nee, daar is 'n verskil tussen realiteit en waarheid. Jy lewe met 'n realiteit, nie met die waarheid nie, en dikwels stem jou realiteit nie ooreen met die waarheid nie en dit moet aangepas word. Drie groot realiteite, dink ek, kaarte wat ons almal het, onbewustelik, wat ek dink dis die drie belangrikste kaarte wat 'n mens het, is die een oor wie is ek, hoe werk 'n mens, nê, wie is God, hoe is God, die lewe, jou wêreldbeskouing, jou Godsbeskouing, jou selfbeskouing. Ek... dis die drie grootste kaarte wat ons het, en hulle moet geupdate word. Ek lees die stories in die Bybel hoe mense op plekke kom waar hulle sê, ag, my kaart is verkeerd. Dit werk nie meer so nie, en 'n kaart oor God...

Kyk Johannes. Johannes, jy weet, hy het 'n eye opener. Op die einde van sy lewe, 90 jaar oud, kyk, hy was die dissipel wat die naaste was aan Jesus. Hy is saam op die berg met Hom, Matteus 17, Jesus deel goed met Johannes wat Hy nie met ander dissipels deel nie. Hy is regtig close aan Jesus, en toe gaan Jesus dood, nê, nou is hy 'n gevangene. Hy is 90 jaar oud op die... op Patmos. Hy onthou... op 90 jaar oud skryf hy die Evangelie, Johannes 1:40, hy sê onthou... ek onthou dit was vieruur die middag toe ek die eerste keer vir Jesus sien, toe Hy na my kyk.

Jesus moes 'n manier gehad het om te kyk na 'n ou, nê, dat jy dit kan onthou, nê. Hy sê hy onthou dit. Dit was vieruur die middag, toe sien ek Hom die eerste keer in my lewe, toe sê Hy vir my: kom agter My aan, raak my dissipel, en so hy was... en wat gebeur... wat gebeur met die... toe Jesus aan hom verskyn op die eiland van Patmos? Hy val soos 'n dooie aan Sy voete neer. Hy herken Jesus nie. Ag, die kaart wat ek gehad het is outdated. Dis nie wie Hy is nie.

Ek weet nie, is jy... glo jy nog in die Jesus wat jy geglo het toe jy die Kinderbybel gelees het? Is dit nog dieselfde Jesus, huh? Ons kaarte moet geupdate word, aanmekaar, en wat ons in hierdie reeks wil doen wat voorlê is om net na van hierdie kaarte te kyk en te sien hoe dien dit ons, jy weet, dis algemene gelowe, en ek het vir Stefan en vir Trevor gevra; goed waarmee julle baie te doen kry met mense waarmee julle praat, so dis 'n halwe pastorale gesprek wat ons wil hê in hierdie weke wat voorlê, van kaarte waarmee ons leef wat dikwels, wat ons sien, aanmekaar, in ons eie lewe, maar ook in ander, is outdated, en die kaart waarna ek vanmôre wil kyk is hierdie diep geloof wat baie van ons het, dat as ek... as ek... wat ek insit kry ek uit, so die geloof is as ek die regte goed doen dan gaan my lewe 100% goed uitwerk vir my.

Kyk, daar is nuanses op hierdie geloof. As ek die regte goed doen en my motiewe is reg dan gaan alles uitwerk in die lewe vir my, want is dit nie maar hoe God is nie? Jy weet, as ek bid, as ek tiende betaal, as ek my beste doen met ander mense, jy weet, as ek sekere goed doen, dan werk my lewe baie goed uit.

Ek luister na 'n onderhoud wat met 'n celebrity gevoer word, en hulle vra vir haar wat is die geheim van jou sukses? Sy sê, weet jy, die nie die wonderlike talent wat ek het nie; dis harde werk. Daar's daardie mite. Daar's daardie mite. Ek het alles... as jy hard werk dan raak jy sukselvol. Dis die geheim van sukses.

Daar is baie verhale in die Bybel, daar is baie ervaring wat nie ooreenstem met hierdie geloof nie. Een of ander tyd gaan jy uitgedaag word as jy hierdie diep geloof in die lewe het, en jou geloof kan in 'n geweldige krisis kom, want ek het nou al alles gedoen.

Kyk, en gewoonlik werk dit so: dan gaan jy vir counselling of iemand, en dan sê hulle, nee, jy het... het jy... hoe het jy gebid? Nee, jy het nie reg gebid nie. Jy het nie... jy moet hom bestraf. Het jy... ken jy nie geestelike oorlogvoering...? Jy moet die duiwel uit... jy... o, dis my probleem; ek het verkeerd gebid. Ek het nie geestelike... dis... die nuwe geheim is geestelike oorlogvoering.

Volgende, het jy gevas? Jy het nie gevas terwyl jy dit gedoen het nie, man. Kyk, nou, jy kan so aangaan op die lewensjourney, maar daar kom 'n tyd wat jy dan sê, nee wragtig, nou kan ek nou nie meer nie, huh. Is dit waarin dit lê, om die regte goed te ontdek en die goed... dit werk net nie meer nie.

Asaf, Psalm 73, is 'n baie goeie voorbeeld van 'n ou wat op hierdie plek gekom het. Hy beland in 'n groot geloofskrisis, en sy krisis is dit: kyk net na al die mense om my. Hulle doen die verkeerde dinge, hulle glo nie eers in God nie, hulle is oneerlik in besigheid, hulle behandel mense glad nie met respek nie, en kyk hoe gaan dit met hulle. Hulle is ryk, hulle kinders is gesond, die lewe behandel hulle verskriklik... dit is nie fair nie, en ek? Tevergeefs het ek probeer om my hart rein te hou. Ek doen die regte goed, ek probeer alles. Ek bly agter. Dinge werk nie vir my uit nie, en dinge... so wat help dit om die Here te dien, wat help dit, huh? Wat help dit? Dis sy krisis, 'n algemene krisis waar baie van ons kom, aanmekaar.

Drie groot goed wat jy glo, wat onderliggend is, wat sê jy as jy glo wat ek insit gaan ek uitkry? In die eerste plek sê jy ek is in beheer; dit hang van my af. Dit hang van my... my hele lewe, alles wat met my gebeur hang van my af. As dinge verkeerd loop dan is dit ek, dan is dit iets in my, so ek beter verantwoordelikheid vat vir my lewe.

Die probleem is net dat jy nie onderskei tussen jou invloed wat jy het, jou beheer wat jy het, en dan die deel van die lewe waaroor jy net kan besorgd wees, waaroor jy glad nie beheer het in die lewe nie. Kyk, daar is dinge wat jy kan beheer, en baie van ons abdikeer daardie verantwoordelikheid ook en besef nie dat wat ookal met jou gebeur in die lewe, jy kan jou reaksie beheer, maar jy kan nie alles beheer wat met jou gebeur nie.

Jy kan nie mense beheer nie. Jy kan invloed uitoefen op mense; dit val in jou invloedsfeer, maar jy kan nie beheer nie. Kyk, daar is mense wat so dink, en dit is hoekom hulle ontslae raak van mense, want ek het die reg om jou dood te maak en uit te haal, want jy is in my pad. Ek is in totale beheer. Kan jy sien waarheen kan daardie mite jou vat as jy dink ek is in totale beheer, ek kan dit doen?

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jy kan nie die weer beheer nie. Jy het nie jou genetika beheer nie. Jy het nie jou ouers gekies nie, ek weet, want dan sou Bill Gates jou pa gewees het, huh. Jy weet, daar is soveel... jy het nie beheer oor 'n groot deel nie, en dis een van die groot dilemmas van menswees, en dikwels word ons opgegroei... en kyk, ons word grootgemaak: jy is in beheer, beheer, beheer.
Kyk, van kleins af: beheer jou blaas, beheer jou liggaam, jy weet, trek self aan, loop self, baie waar. Nou, gaan verder, beheer jou emosies, beheer jou impulse, jy is nie 'n dier nie, jy is in totale beheer. Nou, beheer sosiaal, beheer mense, wat mense van jou dink. Jy kan dat... as jy die regte goed doen dan kan jy optree dat hulle alles doen wat jy wil doen in die lewe. You are in control. Die probleem is dan kry party van ons sukses, dan hoe interpreteer ons ons sukses? Jy moet net die regte goed doen, dis al. Dis waarin jou sukses lê, en kort-kort is daar 'n nuwe secret van wat jy kan doen om sukes in die lewe te kan kry.
Kyk, die ander kant, die flipside van die coin is, jy het nie en jy kry nie sukses nie. Wat dan? Dan blameer jy jouself; ek moes meer probeer het. Ek moes meer ingesit het. Ek is 'n mislukking, ek is... jy weet, en aan die ander kant, as jy sukses kry interpreteer jy dit... jy skryf hopeloos te veel aan jouself toe. Ek sien dit in die bediening met predikante, jy weet, jy kry die predikante; ek doen alles reg en dit werk nie uit nie.
Jy weet, ek het 'n vriend, ek weet nie van iemand wat meer bid as hy nie, ek weet nie van iemand wat harder werk as hy nie, sy gemeente is klein, dit is 60, hulle is in 'n stryd vir oorlewing. Ek ken nie 'n opregter mens nie. Hy sê vir my ook, dis so hard om na seminare toe te gaan van kerkgroei, want as ek daar uitloop is ek 'n totale mislukking, want ek voel net ek doen alles verkeerd.
Ek het 'n ander vriend wat ek ken, ooh, ek dink hy is baie uitgedaag in baie opsigte. Emosioneel, geweldig. Sy kerk loop oor. Kyk, dis... hey, dit kan nie weer... en nou, vra hom nou, wat laat sy kerk groei, huh. Dis gevaarlik om te luister na hom. Hy het nie 'n clue hoekom dit werk nie. Dis genade. Dit het niks met hom te doen nie. Nee, jy moet net bid, jy moet net glo, jy weet, en hierdie... hier is die ander een. 'n Ou vriend vertel my jy moet net nie bang wees om die suiwere Woord te verkondig nie, so ek is bang om die suiwere Woord... dis hoekom dit nie werk by my nie. Wat hy by implikasie sê: ek is nie bang om die suiwere Woord te verkondig nie.
My probleem is, so, wat is die suiwere Woord? Ek ken nie 'n predikanht was sê, ooh, ek kan nie dit preek nie. Nee, nee, nee, ek moet dit is bietjie afwater, huh. Ons almal dink ons verkondig die suiwere Woord, ons almal probeer, jy weet. Hy het nie 'n idee hoekom het... hy skryf hopeloos te self aan hom... te veel aan homself toe, en die wetenskap van kerkgroei leer vir ons dat dit 'n baie komplekse fenomeen is.
Daar is sosiale dimensies; die regte ou op die regte tyd met die regte boodskap. Daar is politiese, daar is geestelike, dan is daar die groot faktor, die God faktor. Partykeer... dis net genade. Dis net die Here het nou besluit nou moet hier iets gebeur en dan werk dit, huh. Dis die probleem, dat ons kan te veel toeskryf aan onsself, en ons is nie in kontak met ons stoflikheid nie, met ons mortaliteit.
Psalm 139 sê Dawid ek... hy weet, hy is gedagtig dat ons stof is. Die probleem is ons is nie baiekeer gedagtig dat ons stof is nie, en ons besef nie dis God, dis 'n gawe van God hierdie, en ek ontvang dit uit Sy hand uit, en alles wat ek kry kom van Hom af. Dis genade, en ons skryf hopeloos te veel aan onsself toe.
Die ander idee wat ons kan het is die idee oor die lewe. Wat sê jy as jy sê wat ek insit kry ek uit, die lewe is 'n masjien, is 'n masjien. Die groot metafoor van die lewe wat ek kan daarstel is die van 'n masjien. Jy gooi hier petrol in, jy sit hier olie in, en as hy nie werk nie dan haal jy hier 'n partjie uit, dan sit jy 'n nuwe partjie in, en dan, voila, daar werk die masjien. Soos 'n slotmasjien; ek gooi hom hier in, druk hom, kies 'n Coke, daar kom hy uit. Dis die lewe. Dit hoe die lewe werk, maar die lewe werk nie so nie.
En even die Bybel sê die lewe werk nie... die lewe is meer organies, dis nie meganisties nie. Jy weet, jy kan nie 'n deeltjie van die lewe vat en daarmee werk nie. Jou lewe is 'n geheel, jy weet. In 'n masjien kan jy 'n part vervang, maar as jy met 'n kat te doen kry, of met 'n hond te doen kry, kan jy nie sê okay, kom ons haal hierdie been af en dan sit ons 'n... dan raak jy die hele hond , en dis so met jou lewe ook.
Nou kom jy... jy weet... en ons lewe vat ons, die modernistiese lewe, die Newton [?], jy weet, hierdie goed vat ons na 'n nie-Bybelse idee van hoe die lewe werk. Ons dink die lewe kan so in kompartemente opgedeel word. Hier is my kerk en hier is my werk en hier is my gesin. Huh-uh, dis een. Dis een.
Jy weet, dit is ook, nee, hy het 'n psigiese probleem. Okay, wat is 'n psigiese probleem, so dit...nee, dit is net in sy kop. Maar jy dink met jou brein. Dis 'n fisiese proses wat plaasvind. Elke keer as jy dink is daar... nou hoekom behandel jy dan 'n psigiese probleem met 'n pil? Dis 'n fisiese ding. Nou verander die pil skielik sy kop probleem, sy denke, en nou is alles fine. Nee, dit is... daar is nie... hy het net 'n fisiese probleem.
'n Rugprobleem is 'n fisiese, psigiese, geestelike probleem. Hy het... dit raak jou hele lewe. As jy 'n rugprobleem het is daar psigiese dimensies. Jy kan depressed raak, jy kan negatiewe denke kry, jy kan... dit kan... dit kan 'n simptoom wees van die feit dat jy te veel probeer dra in die lewe, daarom raak jou rug seer, maar dit kan ook 'n geestelik... dis van God af, dis die kruis, dis 'n eenwording met die lyding van Christus, ten minste vir 'n tyd, van 'n ding waardeur... die lewe is 'n geheel, jy weet, en as jy dit nie glo nie kan ons dit demonstreer vanmôre.
Ek gaan iets fisies aan jou doen, nie psigies nie, nie geestelik nie. Ek gaan jou lugweë vir 'n oomblik toehou dan kyk ons wat gebeur met jou, net fisies. Kyk, jy gaan eers benoud begin raak, dan gaan jy kwaad raak. Kyk, dit... maar dis emosionele goed daardie, maar ek is net met 'n fisiese ding besig, en dan gaan dit 'n heel geestelike ervaring word as jy hierdie oomblik hierdie audiotorium verlaat en die tydelike met die ewige verwissel, dis net fisies.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ons is 'n geheel, jy kan nie met dele... kyk, die masjien is ook... ek beheer hom, ek beheer hom. Organies is ek moet meer vloei met hom, ek moet meegee met die lewe. Ek het nie totale control van alles met hierdie lewe nie.
Jy weet, in 'n meganistiese wêreld sien jy jouself as 'n werktuigkundige, 'n kenner, ek weet presies elke part en ek weet alles, nê, maar in 'n organiese wêreld is jy meer 'n tuinier. Ek kan net plant, ek kan natmaak, ek kan snoei, ek kan bossies uittrek, maar ek kan nie groei nie, en ek kan nie bepaal hoe hy groei en wat hy dra nie. Daar is beperkinge met hierdie hele ding, so hoe kyk jy na die lewe?
Kyk, 'n meganistiese wêreldbeskouing is, eintlik is jy 'n teïs. Kyk, jy kry 'n ateïs, dis 'n ou wat sê daar is nie 'n God nie, 'n teïs wat sê daar is 'n God, maar Hy is in die hemel. Hy het... die aarde is soos 'n wekker. Hy het hom opgemaak en saamgestel, daar is wette en daar is wetmatighede aan die gang, en nou het Hy hom opgewen en nou los Hy die wekker en Hy is in die hemel.
Dit is hoe baie Christene leef. Hulle is nie ateïste nie, maar hulle is teïste. Hulle is nie Christene nie, hulle is die deïste nie, hulle kyk nie na die wêreld en die lewe soos wat die Bybel sê, soos wat Jesus geleef het nie, jy weet, dis wetmatighede, so ek bemeester die wetmatighede. Ek moet net weet wat is die ingeboude wette, so jy kan 'n ateïs of 'n teïs wees, nie 'n verskil nie, want jy is op jou eie. Jy moet self hierdie ding uitfigure, jy is in control van die wêreld. Dis hoe die lewe werk.
Ek het 'n vriend wat so is. Hy is 'n akademikus ook. Hy is 'n ateïs. Hy sê byvoorbeeld teologie is nie 'n wetenskap nie, sielkunde is nie 'n wetenskap nie, dis spekulasie. Net wat jy onder die mikroskoop kan sien, kan vat... ek se vir hom, het jy 'n atoom al gesien? Nou hoe kan jy in 'n atoom glo? Jy het nie 'n atoom gesien nie. Ja, maar dis bewys.
Hy glo net in die empiries bewysbare aspek van die lewe; dit wat jy kan beheer, kan manupileer, kan ingryp, kan verstaan hoe werk dit, maar die lewe is baie groot. Daar is 'n groot misterie aan die lewe verbonde.
Kyk, God is in... kyk, die deïs glo... die Christen is meer God is direk betrokke in hierdie wêreld. Daar is wetmatighede en ons moet dit ken en gehoorsaam. Jesus was versoek om dit te [onduidelikklik]. Spring van die dak af. Nee, daar is 'n wet van swaartekrag. Daar is 'n manier... daar is 'n... waarop God hierdie skepping gemaak het, maar dis nie al nie. God is ook in die skepping betrokke en Hy kan selfs daardie goed verander en oorskry. Jesus loop op water, en Jesus leer ons, as mense na jou toe kom kan dit God wees wat na jou toe kom. God is in mense, God is in die natuur. Hy is nie die natuur nie, maar Hy is in die natuur, Hy werk in die natuur. Die Ou Testament sê Hy laat die wind waai, Hy laat reën. Dis nie 'n hoëdruk / laagdruk stelsel en 'n... dis Hy. Daar is iets groter, daar is iets meer in dit alles, so die groot wonder van ons lewe is om te ontdek waar is God.
Die groot vraag in die gebeure van die lewe van 'n Christen is waar is God in dit, wat sê Hy vir my deur hierdie gebeurtenis, deur hierdie fenomeen, deur dit wat besig is om te gebeur, daarom kan ek terugkyk op my lewe en sê wat sê my lewe vir my, want wat my lewe vir my sê is wat God vir my sê, want Hy is in my lewe. Hy het my lewe vir my gegee.
Richard Rohr sê God will come to you disguised as your life. Dis hoe Hy na jou toe gaan kom. Ek kan die essensie van my bestaan ontdek deur terug te kyk op my lewe en te reflekteer en te sê, maar dis my essence, dis wat my lewe vir my sê, dis wat ek kan sien as ek na my lewe kyk.
Die laatse groot idee is die idee oor God, jy weet, so God is... of Hy is eenkant, of Hy is dalk betrokke, maar weet jy wat, jy... God het... is gebonde. Hy... dit is hoe Hy werk, dit is hoe Hy is. Ek kan God bevat. As ek dit doen dan sal God dit doen, want dit... sê die Bybel nie ken Hom in al jou weë dan sal Hy jou paaie gelyk maak, en as jy nou verby al die ken Hom in al jou weë gegaan het, en al die opsies, en, jy weet, okay, nou het ek meer gebid, ek het meer... ek het dit anderster, ek het nou al daardie goed gedoen, ek weet nou van niks meer nie, en dit werk... nog steeds maak Hy nie my paaie gelyk nie, wat dan? Wat dan?
Dan het ek 'n krisis in my geloof. Okay, dan is dit nie waar nie, dan kan ek dit nie glo nie, of wat is my probleem nou, so ek bevat God, ek weet presies hoe... God is gebonde en Hy is vas, Hy kan nie... Hy is my idee van... nou kom Jesus, nou vertel hy hierdie gelykenis wat ons gelees het.
Wat sê Jesus? Jig, ek sukkel so om woorde te kry, en toe ek nou vir hulle vra wat is die Afrikaanse woord kon mense my nie regtig help daarmee nie, dit... ek sê... ek dink Jesus sê God is fair, God is nie fair nie, maar Hy is regverdig. Kyk, Hy vat 'n ou, Hy sê kom werk vir 'n dag, ses tot ses was die werksdag in daardie tyd gewees, dan vat Hy ouens negeuur, Hy vat ouens twaalfuur, Hy vat ouens drieuur, en dan vat Hy vir ouens vyfuur in diens, dan gee Hy vir almal dieselfde salaris. Nou sê die ouens, jy kan verstaan, sesuur, negeuur, no way, dis mos nie... dis nie... dis nie regverdig nie.
Jesus sê nou wie het gesê die lewe is regverdig. Wie sê dit is nie hoe Ek... ek kan mos doen wat ek wil. Jy kan my nie bevat nie, en die Here is nie fair nie. Hy gee vir party ouens 'n hoë IK, hy gee vir party ouens 'n lae IK. Party... Bill Gates jou pa, en dan 'n plakkerskamp jou pa, dis mos nie fair nie, maar dit is hoe die lewe is, maar party van ons het nog steeds die idee, maar... maar Hy is regverdig.
Daar is goeie redes hoekom Hy dit doen. Kyk, Hy wil jou nie slim gemaak het nie want jy maak dalk die atoombom of iets, jy weet, ek weet nie hoekom nie, maar... so ons sit met hierdie notion dat... maar Hy is genadig. Hy is nie fair nie, en dank die hemel Hy is nie fair nie.
Weet jy wat sê Romiene 6:23? Hy sê die loon van sonde is die dood. Die woordjie vir loon in Grieks is the wages, die betaling wat jy kry, dit waarvoor jy gewerk het, dit wat jy verdien is die dood, want jy het gesondig, nê, jy het

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

goed gedoen wat teen die lewe is. Jy het goed gedoen wat jou lewe ook afbreek. Jy het die doel gemis van jou bestaan, van waaroor die lewe gaan. Dis wat sonde is.
Jy het sulke goed. Ons almal het dit, ons almal doen dit, kan nie verstaan nie, hoekom breek ek myself nou weer af? Ek werk so hard om dit op te bou dan breek ek dit weer af. Dis die geneigdheid wat in ons is, so jy verdien die dood, maar die genadegawe, dit wat God jou gee deur Jesus Christus is die ewige lewe.
Ons behoort almal verdoemenis te kry, ons verdien dit, maar Hy is genadig. Dis nie fair nie. Genade is nie fair nie, dankie tog, so baie van ons lewe met 'n verdienste mentaliteit. Ons lewe soos die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun; dis nie fair nie, hy verdien dit nie, kyk hoe hard werk ek. Jy kan dit nie kry deur harde werk daarvoor nie, dis die punt. Daar is genade. Daar is genade. In die lewe gaan dit jou padlangs bring.
Ek dink dis een van die groot krisisse waarmee ons te doen het in die middeljare van ons lewens. Dis 'n oorgang. Dis 'n oorgang waarin jy uitvind dat die kontrak wat ek gesluit het met die lewe, dat as ek my kant bring en ek het goeie bedoelinge gaan hy uitwerk. Daardie kontrak word gebreek in... op een of ander plek en manier, of in my huwelik, in die verhouding werk dit nie uit nie, of in die werk, of, jy weet, met die kinders, op 'n plek werk die kontrak nie uit nie.
En ek dink as jy te doen het met die groot vyf misteries van die lewe, liefde... kyk, en die mystics het gesê dis diep liefde en diep lyding wat jou verander, diep lyding, dood, die bose, beauty, skoonheid, kyk, dis... dit is misterie, dis misterie. Jy kan daardie goed nie verklaar, wetenskaplik, nie. Jy kan aspekte van dit verklaar, soos byvoorbeeld liefde, dis 'n organiese proses.
Dis 'n baie eendimensionele, fisiologiese dimensie van liefde, deur liefde te reduseer tot 'n organiese proses in jou brein. Dit is dit ook, maar dit is baie meer as dit. Jy kan 'n misterie beleef, maar jy kan 'n misterie nie volkome begryp en verstaan nie, en as jy te doen kry met hierdie misteries van die lewe, jy weet, die misterie van lewe...
Dorothy Day, 'n groot mistikus van Amerika, het teen die kerk gegaan en teen geloof gegaan, en sy was so erg dat sy besluit het ek wil 'n buite egtelike kind kry om my familie te skok en hulle te laat verstaan ek kan doen wat ek wil met my lewe, en met die geboorte van daardie kindjie, toe sy daardie kindjie vat, toe sê sy daar is 'n God. Daar is 'n God, kyk hier; lewe. Dis onverklaarbaar, onverstaanbaar, en sy kry met die misterie van skoonheid en van liefde te doen, en dit trek haar na God toe, maar jy gaan met daardie goed te doen kry.
Kyk, en nou is... die manier waarop Hy ons dikwels probeer hanteer wanneer ons in 'n krisis kom en hierdie groot krisisse van die lewe mee te staan kom, dan probeer ons teruggaan na hoe dit was, en ons probeer die lewe maak soos hoe dit was vir ons. Ons probeer teruggaan om te beheer, te control, en... maar nou, ons kaart word hier... ons kaart word gechallenge. Dit werk nie so nie. Jy is op 'n ander terrein, en die realiteit stem nou nie meer saam met die waarheid waarmee jy leef nie.
Nou, baie van ons sê, okay, dis nie 'n goeie tyd vir 'n affair nie, dis nie 'n goeie tyd om Kaap toe te trek nie, of om te immigreer nie, dis nie 'n goeie tyd om jou werk te verander nie. Dit is 'n blote uitstelling. Na vyf jaar, tien jaar is jy weer op die plek waar jy nou is, en doen ons dit nie maar nie, nê.
Ons is soos die Israeliete wat beloofde land toe gaan, maar dit vat... 'n 14 dae tog vat hulle 40 jaar, dis om en om en om. Ons leer net nie. Ons is nie bereid om verder te gaan nie, so ons doen die sirkel oor en oor en oor in ons lewe, en solank as wat ons dink die probleem lê buite ons, en solank as wat ons die lewe blameer; ek is onregverdig behandel, hoe kan dit... jy haak, jy haak, jy is daar, jy is daar. Die lewe is unfair; get over it.
Die lewe is unfair, dis hoe dit is, en solank as wat jy nie besef maar dit is my spiritualiteit, dis my kaart, dis die valse self en die ware self wat met mekaar bots hierso, ek moet oorgee, ek moet 'n ander kaart kry, God is anders, ek is anders, die lewe werk anders, dan kan jy aangaan, dan groei jy.
Solank as wat jy jou lewe probeer red, dan gaan jy dit verloor, maar as jy jou lewe verloor, sê Jesus, dan gaan jy jou lewe kry. Laat gaan dit, surrender dit, so ek weet nie waar jy vanmôre is nie. Miskien is jy nog glad nie daar nie. Die krisis kom. Origines [?] het gesê kyk na die lewe van Salomo, dan sien jy, hy skryf sy eerste boek, Spreuke, hy het alles uitgewerk. Hy weet hoe is God, hy weet hoe werk die lewe, hy het dit.
Kyk, dis gewoonlik waar jy begin, nê, en die Christen journey begin, bietjie fundamentalisties. Ken Hom in al jou weë dan maak Hy jou paaie vir jou gelyk. Jis, dis excited, die hele... die plek loop oor van wysheid, die hele boek, maar die arme man kom toe op 'n plek in sy lewe waar dit nie meer vir hom uitwerk nie, toe skryf hy die boek Prediker, en ek beveel... altyd sê ek vir mense as hulle depressed is, bly weg van die boek Prediker af, want hy druk jou dalk net oor die... want wat die boek Prediker sê is dis alles tevergeefs, pêl, dit help nie. Niks werk uit nie. Dis hoe die lewe is. Dis... dit is 'n waste.
Ek kry nie sin nie. Ek het alles probeer. Ek het plesier probeer, ek het vrouens probeer, ek het drank probeer, ek het... ek het sukses probeer, en ek het huise gebou en ek het... en ek het wisdom probeer, ek het Godsdiens probeer, ek het alles probeer, sê hy, maar dit werk nie vir my in my lewe nie, so...
Toe gaan hy daarna en hy skryf die boek Hooglied, en die vroeë kerk het Hooglied as 'n mistiese boek gesien wat iets beskryf van die verhouding van God en sy bruid, van Christus met sy bruid. Daar is 'n... daar is 'n intieme liefde, dis 'n... dit kan nie anderster beskryf word as 'n diep liefdesverhouding nie, as 'n diepe ken van mekaar nie. Jy beweeg na daardie plek toe. Dit is uit wette en wetmatighede en beginsels.
God is nie 'n beginsel nie; Hy is 'n persoon. 1 Korintiërs 1:9 sê julle... God is getrou deur wie julle geroep word tot gemeenskap met sy seun Jesus Christus. Ons is nie geroep tot 'n etiese sisteem nie. Jy is nie geroep tot wette...

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

God is getrou deur wie julle geroep word om die Tien Gebooie te hou: nee, om volgens beginsels te leef: nee, relationship, 'n God wat jy nie kan bevat nie, 'n God wat onvoorspelbaar is. Jis, ouens, dit bring soul in die lewe, dit bring avontuur in die lewe. Dit is onvoorspelbaar, maar dis vreeslik ook om te... dis scary, want ek is nie meer in beheer nie, ek kan nie alles laat uitwerk nie, maar ek vertrou in 'n goeie God.
Weet jy wat, Job het ook deur dieselfde krisis gegaan, nê. Die Bybel sê hy was vroom, hy was opreg, hy het God gedien, hy het alles reg gedoen, toe loop alles skeef in sy lewe. Sy kinders gaan dood; hy verloor kinders deur die dood, sy besigheid gaan onder, sy vrou wil hom los. Dis bad. En toe? Toe kom sy vriende na hom toe. Ons verstaan hoekom dit nie uitwerk nie. Job, jou probleem is jy het nie geloof nie. Dit is die een ou se oplossing.
Die ander ou se oplossing is dis die duiwel. Job se raadgewers leef vandag nog, huh. Dis so maklik. Jaag die duiwel uit dan is al jou probleme... het jy op 'n troukoek gesit? Dis jou probleem, toe kom die [onduidelik] in jou huis in, man. Dis hoekom dit nie uitwerk met jou man nie. Jy sal dit nou nie verstaan nie, dis weird, hierdie goed, maar jaag hom uit en voila, daar is hy lief vir jou, julle connect, julle verstaan, dis fantasties, dit werk, en die probleem en die gevaar is as dit werk vir 'n maand, twee, ses, dis maar net nog 'n rondte wat jy loop.
Dis Job se vriende, maar wat doen Job? Job kom op die einde dan sê hy dit maak nie... weet julle wat, God is God. Al maak Hy my dood, nogtans sal ek in Hom glo. Dis geloof, dis oorgawe, en wat gebeur met Job? Alles verander in Job. Alles verander in Job se lewe. Hy het twee keer meer... beter as wat hy ooit was. Hy stap in deur hierdie passage in 'n ander lewe in.
Dit kan jou bitter maak; dit kan jou beter maak, maar die krisis van die lewe gaan kom, en die krisis van jou geloof kom, so wat is jou keuse? Wat gaan... gaan jy opgee op God, of gaan jy opgee op jou kaarte? Gaan jy opgee op jouself? Gaan jy opgee aan beheer? Waaroor gaan jy laat gaan, of gaan jy oorgee en sê dis scary; ek het nie beheer nie, ek surrender met hierdie lewe, ek verstaan nie, ek weet nie. Hierdie goed van die lewe kom, maar ek gee oor, ek surrender, en ek vertrou God, en ek loop hierdie pad saam met Hom.
Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons hier kan saamwees as U kinders en oor die lewe net saam kan dink en kan kyk na U Woord en die lig wat U Woord op ons lewe gooi. U weet waar elkeen van ons vanmôre is, en, Here, U weet hoe nodig ons U het. U ken ons lewe, U weet wat U in ons lewe laat inkom, U weet hoe selfs die bose na ons toe kom met soveel goed en maniere, en hoe U al hierdie goed kan vat en ten goede kan laat meewerk in ons lewe.
Help ons net vanmôre om iets te kan sien van waar ons op hierdie journey is. Help ons net om iets te kan sien van waar U is in die omstandighede waarin ons is. Help ons net om iets te kan sien van die volgende tree wat ons kan gee wat ons kan vorentoe vat, wat ons kan laat groei, wat ons kan laat invat in die lewe wat U vir ons het. Ons vra dit in die Naam van Jesus. Ons dank U daarvoor. Amen.
Die genade van ons Here Jesus Christus, die genade, die liefde van God die Vader, die gemeenskap van die Heilige Gees wees en bly met elkeen van julle. Amen.

© Mosaiek